Saterdag **14 Desember**

**Skrifgedeelte: Hosea 2:13-22**

**Fokusgedeelte: Hosea 2:18**

**Rus in jou Bruidegom se goeie sorg en troue liefde**

Ons kom tot rus in ’n *verhouding* met God. O, ons dink maklik ons kan ons sorge vergeet en gelukkig wees deur op iets ander verlief te wees – soos materiële welvaart, ambisie en status, mag, seksuele losbandigheid, myself meer heilig hou as ander en hulle dan kritiseer en afkraak ... Maar hierdie ander minnaars versmoor ons siel oor die lang termyn met angs en skuld. Want dis verhoudinge sonder liefde, met minnaars wat, as die finale som gemaak word, meer vra as gee.

Die boek Hosea werk sterk met die beeld dat Jahwe met sy volk getroud is (2:15). Hosea moet selfs in sy persoonlike lewe hierdie beeld leef (1:2). Hierdie vrou was nog altyd ’n los meisie, loop knaend agter ander mans aan (3:1). Maar elke keer maak Hy haar weer en weer die hof – sy goeie sorg en troue liefde wen haar telkens weer terug. Selfs hulle kinders (die vrug van God en sy volk se verhouding) se name word verander: Lo-Rugama (“sonder ontferming”) word “Ek ontferm My oor jou”, en Lo-Ammi (“nie my volk nie”) word “Jy is my volk” (2:22).

So, die Gees vra jou in hierdie boek: Watter vir watter bruidegom gee jy meer liefde as vir Jahwe (2:1-4)? Kom terug, maak Jahwe jou die hof. “Ek is lief vir jou. Ek het jou myne gemaak. Ek het jou losgekoop uit jou geestelike prostitusie. Met my eie lewe betaal. Kom terug” (2:13-14).

Dan, gedring deur die Gees, val ek in sy arms en sê “My Man!” (2:15). Dis vrede, rus van manipulerende en geniepsige minnaars. Kom weer tuis by die Een wat my in die bordeel van die lewe waar ek myself aan ander gode smous, kom haal. Vergewe. ’n Nuwe begin in die Een wat my met goeie sorg en trou omhels. En telkens wéér liefhet.

*Sing: Psalm 45-1 (enige verse wat by jou situasie pas)*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*